

AFDELING A.

DIE GESKIEDENIS VAN DIE INDIËRS IN
NATAL EN TRANSVAAL, 1860-1940.

HOOFSTUK 1.

DIE GEWENSTE ARBEIDER WORD DIE ONGEWENSTE MEDEDINGER.

(NATAL 1860 - 1911)

1. DIE INVOER VAN INDIËR-WERKERS 1860.(a) ONDOELTREFEENDHEID VAN NATURELLE-ARBEID.

Die Indiër-probleem in Suid-Afrika het sy ontstaan te danke aan die eerste suikerriet wat in 1848 in Natal geplant is. Hierdie industrie het besonder winning gegroei in die jare 1850-1860, maar die probleem was ook hier, soos in die geval van baie ander industrieë, om geskikte arbeid te kry.⁽¹⁾

Die ondervinding het geleer dat Naturelle nooit gewillig is om 'n kontrak te teken vir langer as een jaar, en baie nie vir langer as drie of vier maande nie, en daarom was dit by verskillende geleenthede in die geskiedenis van Suid-Afrika reeds nodig om arbeiders van elders af in te voer.⁽²⁾ Wat sou die oorsake wees?

Verskillende kommissies het al gepoog om die oorsake van die gebrek aan geskikte naturelle-arbeid na te spoor. So was 'n Arbeidskommissie van 1892 in die Kaap-Kolonie oortuig dat die goeie oeste, die onbekendheid met die karakter van die koloniste en die gehegtheid aan sy kraallewe die Naturel onwillig maak om hande-arbeid by blankes te verrig.⁽³⁾

(1) The South African Sugar Yearbook and Directory; 17.

(2) de Kock: The Economic Development of South Africa; 80.

(3) Botha: Die arbeidsvraagstuk van Suid-Afrika: 10.

Die „South African Native affairs Commission“ be-
 weer dat die Naturelle 'n landbou- en herdersvolk is, en
 dat hulle genoeg middels besit om maklik 'n bestaan te
 maak, veral daar hulle lewensstandaard laag is. Daar
 het nooit 'n arbeidersklas onder hulle bestaan nie en
 hulle was nie voorberei vir die groot vraag na arbeid nie.
 Die opkoms van die industrie was die groot oorsaak van
 die vraag na industriële arbeiders onder die nomadiese
 stamme, wat voor die kontak met blankes, die ekonomiese
 funksie van geld nog nie geken het nie. So 'n volk sou
 nie gou en sonder wrywing die behoeftes en gewoontes van
 'n industriële gemeenskap aankweek nie. Hulle is dus
 nie deur die wet aan vraag en aanbod tot die Industriële
 mark aangetrek nie. Ook is die oorlogsugtige stamme ge-
 neig om industriële arbeid te minag en die meeste van hul-
 le hou nie van vaste werksure nie. (1)

Alhoewel die meeste arbeiders in die suikerindustrie
 vandag tog wel naturelle is, word hulle buite die Unie
 gewerf. (2)

(b) Invoer gemagtig deur die Immigrasie-wet van 1859.

Die behoeftes aan geskikte arbeid is in 1859 sterk
 onder die aandag van die hoof van die regering gebring in 'n
 versoekskrif van die Durbanse korporasie. Hulle het gehoop
 dat sy Hoogheid sy weg oop sou sien om die invoer van 'n
 beperkte aantal „Coolies“, of ander arbeiders uit die
 Ooste goed te keur, terwille van die nuwe ondernemings
 aan die kus. Vir die sukses van hierdie ondernemings was
 voldoende en vertroubare arbeid absoluut essensieel. Ver-
 der het hulle daarop gewys dat die vooruitgang van die
 Kolonie uitsluitlik afhang van die sukses of mislukking
 van hierdie groeiende ondernemings. Hulle het hulle ver-
 soekskrif afgesluit met die

(1) Botha: Die arbeidsvraagstuk van Suid-Afrika;
 11-12.

(2) T.A.P.; 52-53.

woorde „Experimental cultivation has abundantly demonstrated that the issue depends solely on a constant supply of labour.”⁽¹⁾

Die regering het die arbeidsvraagstuk oorweeg en in 1859 wet No. 14 gepasseer „om te voorzien in de immigrasie van coolies in deze Kolonie, ten algemeenen koste, en in de regeling en het bestuur, van en over zoodanige immigranten.”⁽²⁾

Omdat hierdie wet die invoer van Indiër-arbeiders gemagtig het en die grondslag vorm vir alle latere wetgewing in verband met Indiër-Kontrakarbeiders is dit nodig dat ons die vernaamste bepalings sal noem:

(i) Die pligte van die Agent van Immigrasie.

Die wet het bepaal dat 'n bekwame agent van immigrasie aangestel sou word teen 'n salaris van £50 per jaar. (Art. 2). Hierdie agent moes 'n register aanhou, (Art. 3) en 'n Koeliearbeider oordra aan 'n persoon wat 'n kontrak met die arbeider sou aangaan, vir 'n periode van 3 jaar nie te bowe-gaande nie. (met goedkeuring van die Luitenant-Goewerneur) (Art. 4). Verder moes die Agent homself tevrede stel met die toestand van die immigrante by hulle aankoms, hulle oordra aan planters wat hulle nie minder as 10/- per maand mag betaal nie, plus behoorlike voeding en huisvesting. Lede van dieselfde familie mag nie by verskillende base werk nie (Art. 5). Ook moes die Agent sorg dat erfgename boedelgelde ens. ontvang.

(ii) Die pligte van die werkgemeers.....

Die werkgemeer het aan die regering vir die eerste jaar 20/- vooruit betaal vir elke arbeider en vir die volgende jare 25/- per jaar per arbeider. (Art. 6). Ook het die werkgemeer 4/- per maand per arbeider aan die Agent betaal en hy moes dit weer by die Koloniale tesorier deponeer. (Art. 10). Verder moes

(1) Documents relating to the new Asiatic Bill and the alleged breach of faith; 25.
(2) Natal Government. Vol. (ii) 14/1859; 243.

werknemers sorg vir mediese dienste en hulle arbeiders nie mishandel nie. As die werknemers in gebreke sou bly om sy verpligtings na te kom kon hy beboet word met £10 of dertig dae tronkstraf, en die werker kon aan iemand anders toegesê word. (Art. 11). Werknemers moes ook elke ses maande 'n volledige verslag by die agent inhandig oor hulle werkers en geboortes. (Art. 20).

(iii) Die pligte van die arbeiders.....

Arbeiders het die reg gehad om na drie jaar weer 'n kontrak aan te gaan waar hulle verkies, maar nie vir minder as 12 maande en meer as 2 jaar nie. (Art. 7). Hulle was nie verplig om weer 'n industriële kontrak aan te gaan nie as hulle nêe wou nie. Die Agent kon hulle by enige ander werknemer ook laat inskrywe. (Art. 8).

Na 'n vyfjarige kontrak-dienstyd sou elke Koelie-immigrant geregtig wees op 'n sertifikaat van ontslag en sou hy nie verder verplig wees om enige ander dienskontrak aan te gaan nie. Hy sou vry wees om sy dienste te verhuur, of daaroor te beskik of sy verblyf te verander net soos enige ander werksman wat geen Koelie-immigrant was nie. (Art. 9).

So lank as die arbeiders onder kontrak was, moes hulle 9 uur per dag werk en sekere feesdae rus. Die feesdae is nie genoem nie, maar daarvoor kon voorsiening gemaak word. (Art. 14). Geen gevangenisstraf vir skuld was ook toegelaat gedurende die Koelie se skriftelike dienskontrak-tyd nie. (Art. 38).

Die wet het ook voorsiening gemaak vir sekere stappe teen oortreders. So het niemand die reg gehad om 'n Koelie te herberg wat by iemand anders in diens behoort te wees nie. As dit tog wel gebeur moes so iemand 8/- per dag betaal. (Art. 15).

Weglopers het twee dae se loon verloor vir elke dag wat hulle weg

was of gestraf was. (Art. 16). 'n Koelie het ook nie die reg gehad om sonder verlofbrief meer as 2 myl van sy baas se plek te wees nie, (Art. 17) en enige geregsdienaar kon 'n Koelie aanhou totdat hy sy verblyf bewys het of sy ontslagkaart of verlofbrief getoon het. (Art. 18).

Elke Koelie-arbeider was geregtig op 'n vry passasie terug na Indië na 'n 10 jarige verblyf waarvan 5 jaar in industriële werk was. Hierdie vry passasie mog nie aangevra word voor 18 maande na die tyd wat dit bevorderbaar was nie. (Art. 24). Elke Koelie wat vertrek moes 'n geskrewe lisensie hê wat deur die Agent geteken is. Skeepshoofde wat Koelies hieronder vervoer het kon £20 boete kry vir elke Koelie. (Art. 29). Die Agent het hierdie lisensie egter nie voor na 5 jaar gegee nie. (Art. 30). By twyfel was dit die immigrant se plig om te bewys dat hy 10 jaar in die land was. (Art. 37). Werkers wat ongeskik geraak het kon egter enige tyd 'n terug-passasie ontvang. (Art. 27).

Immigrante kon ook kroongrond kry ter waarde van die bedrag van hulle terug-passasie, as hulle sulks verkies het. (Art. 28).

Plaaslike magistrate moes ook elke 6 maande besoek aflê by die werkers om klagtes en toestande te verneem. (Art. 22) ⁽¹⁾

Uit bogenoemde wetgewing blyk dit duidelik dat die wetgewers van oortuiging was dat as hulle die arbeiders solank as moontlik hier hou, daar 'n moontlikheid was dat hulle hul altyd by hernieuwing as kontrakarbeiders sou verhuur. Selfs die aanbod dat hulle vir die bedrag van hulle

(1) Natal Government. Vol. (ii) Law No. 14 of 1859; 243-246.

terug-passasie kroongrond kon kry, was blykbaar nie bedoel om die oorsprong te wees van 'n vrye Indiër-bevolking nie. (1)

Die eerste skepe met Indiërs het in Durban gehand op 17 November 1860 en hulle het as kontrakarbeiders in die suiker-, tee-, en wattle-plantasies gaan werk. (2)

2. VOORLOPIGE VOORSIENING IN DIE BEHOEFTE: 1860-1866.

In die jare 1860-1866 is ongeveer 5000 Indiërs ingevoer. Aan die dringendste behoeftes was dus voorlopig voorsien en veral die suiker-industrie het vinnige vordering gemaak. (3)

Gedurende hierdie periode het die „Natal Land and Colonisation Company", wat onder die „Limited Liability Act" van 1860 ge-inkorporeer is, hulle gehaas om 'n ekstra kwart miljoen akkers kroongrond in die hande te kry. Die doel was om die immigrasie van blankes na Natal te bevorder en om dan teen 'n wins van die grond aan hulle af te staan. Toe die sekretaris van Staat egter geweier het om hulle ('n Kommersiële Kompanjie) toe te laat om immigrasiewerk te doen, het hulle besluit om hul finansiële bronne aan te wend om hulp aan planters te verleen in verband met die invoer van Indiërarbeiders. (4)

Weens finansiële moeilikhede was die invoer van Indiërwerkkragte in 1866 stopgesit. (5)

-
- (1) Theal: History of South Africa from 1795-1872. Vol. iv; 159.
 - (2) Kannemeyer: A Critical Survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 18.
 - (3) Natal: Report of the Indian Immigration Commission 1909; 2.
 - (4) Hattersley: Later Annals of Natal; 68-69.
 - (5) Kannemeyer: A Critical Survey of Indian Education in Natal 1860-1937; 22.

3. DIE STAKING VAN DIE VERDERE INVOER VAN ARBEIDERS VEROORSAAK ERNSTIGE ARBEIDSVRAAGSTUKKE: 1866-1874.

In hierdie periode is daar geen Indiërarbeiders ingevoer nie. Die Naturelle-arbeid waarvan die industrie afhanklik was, het in onbetroubaarheid toege neem. Naturelle-arbeiders is verkry van Tongoland, Basoetoeland en die Portugese gebiede. Hierdie bronne van arbeid was egter hopeloos ondoeltreffend veel na die ontdekking van diamante.

Die onvertroubaarheid van die arbeid het tot so 'n mate toegeneem dat die oeste in 1874 op die lande vergaan het, en dit, tenspyte van die ernstige pogings wat planters en andere aangewend het, om teen enige prys, hulp van die Naturelle hoofde te verkry. Uiteindelik was die Luitenant-Goewerneur verplig om van sy mag as „Opperhoof" gebruik te maak om so die Naturelle te verplig om die gesaaides te oes. (1)

Die vooruitsigte vir die verdere invoer van Indiërwerkers het ook op ander gebiede invloed gehad. So was dit onder ander 'n oorsaak waarom die Uitvoerende Raad, Shepstone se Zoeloelandpolitiek gretiglik onderskryf het. (2) Dit het ook 'n diens aan Sir Garnet Wolseley bewys. Hy was gestuur om die „Nataalse Huis" in orde te bring en het toe 'n wet ingedien wat bedoel was om die genomineerde en gekose elemente in die Uitvoerende Raad te balanseer. Hy het uiteindelik daarin geslaag om die toestemming van die bestaande Raad te verkry om hulle konstitusionele regte in te kort. „Five of the six Coast Members were caught with the bait which he held out to import more Coolies to develop their sugar- and coffee plantations." (3)

(1) Natal: Report of the Indian Immigration Commission 1909; 2.

(2) Uys: In the Era of Shepstone; 84.

(3) t.a.p.; 110-111.

Hierby het gekom die groot aantal proteste en klagtes en uitroepe vir die hervatting van die invoer van Indiërarbeiders en in 1874 is die deur weer ge-open vir Indië-immigrasie. (1)

4. DIE ONTWIKKELING VAN 'n VRYE INDIËRGEMEENSKAP LEI TOT TEENKANTING VAN DIE BLANKES.....

(a) Die Ontwikkeling van 'n Vrye Indiërgemeenskap.

Alhoewel wette 19 en 20 van 1874 ook weer voorsiening gemaak het vir die terugkeer van Indiërarbeiders na Indië na 'n verblyf van 10 jaar, het al meer en meer Indiërs besluit om nie terug te gaan nie. Volgens wet No. 14 van 1859 was die verwagting dat die arbeiders gewillig sou wees om vir 'n tweede vyfjaar in te skrywe, na die verloop van die eerste vyfjaar. Hierdie verwagting was egter ook verydel en al meer en meer Indiërs het gebruik gemaak van die voorreg om kroongrond te neem vir die bedrag van hulle terug-passasie. (2) Die meeste het verkies om self boere, tuiniers, kleinhandelaars en vakmanne te word. (3)

(voort-
Terwyl die importasie van gekontrakteerde Indiërs durend minder geword het, het die instroming van steeds groter wordende aantalle vry-Indiërs, meestal Mohammedaanse handelaars uit Bombaai, aanleiding tot groot besorgdheid by die klein blanke bevolking in die Kolonie gegee. (4)

(trak-
Die volgende tabel toon die verhouding tussen kom-
arbeiders en vry-Indiërs vir die jare 1884 tot 1894:

-
- (1) Natal Report of the Indian Immigration Commission 1909; 2.
(2) Kannemeyer: A Critical Survey of Indian Education in Natal 1860-1937; 24.
(3) Botha: Die Arbeidsvraagstuk van Suid-Afrika; 6.
(4) Unie van Suid-Afrika: Jaarboek; 1910-1921, No. 5; 182.

9.
Tabel 1.
Die Verhouding tussen Kontakarbeiders en Vry-Indiërs,
1884-1894.

	1884	1886	1888	1891/92	1893/94
Onder Kontrak Vry-Indiërs	10,496 19,217	7,661 21,928	5,703 22,659	14,326 24,039	16,655 26,312
Totaal	29,713	29,589	28,362	38,365	42,967

Die aantal vry-Indiërs het in 1894, 61% van die totale aantal Indiërs uitgemaak. Hulle het vanaf 1884 met 7,000 toegeneem. (d.i. 36%).

Die volgende tabel toon die aantal Indiërs wat in die jare genoem, in besit was van handelslisensies, grond en eiendomme:

Tabel 2.

Handelslisensies en Eiendomme: Durban en Pietermaritzburg,
1870-1887.

(i) Durban.

Jaar	Handelslisensies	Stukke grond.	
		Aantal	Waarde
1870	2	-	-
1875	13	-	-
1880	37	-	-
1887	-	19	£3955

(ii) Pietermaritzburg.

Jaar	Handelslisensies	Eiendomme.	
		Aantal	Waarde
1875	1	7	£870
1880/81	12	10	2185
1885	28	35	7000

Indiërs wat oorspronklik in Natal as arbeiders aangekom het, het in 1886 eiendomme besit met die totale waarde van £18,983. (2)

-
- (1) Kannemeyer: A Critical Survey of Indian Education in Natal 1860-1937; 39. Ook: Natal, Third Annual Report of the Indian Immigration Trust Board; 1.
 (2) Kannemeyer: A Critical Survey of Indian Education in Natal 1860-1937; 41-42.

Uit die voorgaande tabel blyk dit dat die handels-lisensies in Durban in 10 jaar van 2 tot 37 vermeerder het en in Pietermaritzburg van 1 tot 28. Dieselfde mate van groei word ge-openbaar in die aantal eiendomme en hulle waarde.

Die Indiërs het hulle dus reeds op die gebied van die handel tot 'n groot mate gekonsolideer en die wed-ywering was reeds so aktueel dat die Pietermaritzburgse kamer van koophandel in 1885 'n versoeks^{kri}brief gestuur het aan die Uitvoerende Raad. Hierin het hulle gevra vir wetgewing wat Arabiere of Asiate sou belet om te bly of handel te drywe in enige deel van die dorp wat nie 'n area was wat aan hulle toegestaan was deur die Korporasie of lokale outoriteite nie. (1)

(b) Die invoer van arbeiders onder die „Indian Immigration Trust Board”.....

Hierdie Raad is in 1874 in die lewe geroep en het jaarliks 'n bedrag van £10,000 van die regering ontvang as bydrae vir die koste verbonde aan die invoer van kontrakarbeiders. (2) Hierdie Raad het vanaf 1881 'n jaarlikse verslag oor sy werksaamhede uitgebring en hierdie verslae sluit informasie in oor die volgende: Statistieke oor immigrasie, emigrasie en rekwisies, Agentskappe in Indië, finansies, mediese dienste en hospitale, kommunikasie met Indië, ontslagsertifikate, depôts, weglopers ens. (3)

Werknemers moes jaarliks £4 vir elke arbeider aan hierdie Raad betaal. Vanaf 1880 tot 1884 het werknemers net £3.10 betaal, maar in 1884 het dit nodig geword om die bedrag weer op te skuif na £4. (4) Op aanbeveling van die Raad is hierdie bedrag weer

-
- (1) Kannemeyer: A Critical Survey of Indian Education in Natal 1860-1937; 43.
 - (2) Union of South Africa: Report of the Asiatic Inquiry Commission 1921; 40.
 - (3) Natal Third Annual Report of the Indian Immigration Trust Board, 1.
 - (4) t.a.p.; 5.

op 1 Januarie 1890 verminder tot £3.10. (1)

Wet No. 24 van 1907 wat wet No. 24 van 1895 en wet No. 17 van 1902 amendeer, wysig die ledetal van die Raad. In plaas van sewe lede sou dit bestaan uit 2 deur die Goewerneur-Generaal genomineerde lede (een hiervan was die Beskermheer) en sewe gekose lede. Die genomineerde lede sou ook dieselfde periode diens doen as die gekose lede. (2)

Uit die verslae van hierdie Raad blyk dit dat hulle vir die werwing van arbeiders verskillende agentskappe aangestel het waarvan die vernaamstes in Madras en Calcutta was. Teen 1884 was die tipe immigrant wat van Calcutta gekom het nog nie bevredigend nie, „there being too many men of the beggar type amongst them”. Die aantal ongeskiktes uit Madras was reeds in 1884 baie minder as voorheen. (3)

In 1889 het die Madras Agentskap gekla dat hy nie die vereiste hoeveelheid kon werf nie omdat die geneeshere van die bote te veel van die arbeiders verwerp het as ongeskik. Die Raad was egter begerig om so ver as moontlik geskikte arbeiders te kry en het aan die geneeshere opdrag gegee om sorgvuldig te kies. (4)

Gedurende 1884 is deur die Raad met die goedkeuring van die agente, ses „intelligent high caste men” uit Natal gestuur, om te gaan help met die werwing. (5)

-
- (1) Natal: Eight Annual Report of the Indian Immigration Trust Board; 6. a
 - (2) Colony of Natal: Acts of the Parliament 1907; 45.
 - (3) Natal: Third Annual Report of the Indian Immigration Trust Board; 4.
 - (4) Natal: Eight Annual Report of the Indian Immigration Trust Board; 4.
 - (5) Natal: Twenty-first Annual Report of the Indian Immigration Trust Board; 4.

Dat alle moontlike pogings aangewend is om arbeiders te werf word bewys deur die bonus van 5/- wat die Madras agentskap in 1883 en 1884 betaal het vir elke volwassene wat gewerf is.⁽¹⁾ Die bonus is in 1889 weer met 5 Raps verhoog vir elke goedgekeurde man wat gewerf is.⁽²⁾ Die metodes van werwing was ook nie altyd ontbloom van kritiek nie en dit is soms geneem „Coolie-Catching.”⁽³⁾

By hulle aankoms in Durban is die arbeiders oorhandig aan die Beskermheer van Indiër-immigrante. Hy het hulle dan vir moontlike siektes vir 'n tyd onder kwarantyn gehou. Die Beskermheer het alle aansoeke ontvang en die arbeiders toegeken aan die werkgemeens.⁽⁴⁾

(c) Wet No. 25 van 1891 amendeer en konsolideer vorige wetgewings in verband met INdiër-immigrasie...

Hierdie wet het be-oog „to amend and consolidate the laws relating to the introduction of Indian Immigrants into the Colony of Natal, and to the regulation and government of such Indian Immigrants.” Dit het dan ook sewe vorige wette herroep.⁽⁵⁾

Hierdie wet wat bekend was as die Indiër-Immigrasiewet van 1891, het dan ook alle essensiële dele van vorige wetgewings ingesluit.⁽⁶⁾ Daar is ook voorsiening gemaak vir die registrasie van huwelike, geboortes en sterfgevalle. Huwelike kon ook nie plaasvind waar mans jonger as 16 jaar was nie en vrouens onder 13 jaar.⁽⁷⁾

-
- (1) Natal: Twenty-first Annual Report of the Indian Immigration Trust Board; 4.
 - (2) Natal: Eight Annual Report of the Indian Immigration Trust Board; 4.
 - (3) Union of South Africa: Report of the Asiatic Inquiry Commission 1921; 2.
 - (4) Natal: Eight Annual Report of the Indian Immigration Trust Board; 5.
 - (5) Natal Laws 1891; 87 - Die volgende wette is herroep: 2 van 1870, 12 van 1872, 19 van 1874, 14 van 1875, 19 van 1878, 16 van 1881, 21 van 1882.
 - (6) Natal Laws 1891; 116.
 - (7) t.a.p.; 104-109.

Na vyf jaar was die „Master and Servants Law" van toepassing op Indiër-immigrante. Verder het die wet magtiging aan die „Indian Immigration Trust Board" verleen om reëls te maak, maar hierdie reëls moes egter deur die Wetgewende Raad goedgekeur word en in die staatskoerant gepubliseer word. ⁽¹⁾

Toe dit later geblyk het dat hierdie wet nog sekere leemtes het is hy deur wet 2 van 1907 aangevul. Straf vir die herberging van kontrak-arbieders wat gedros het is ook verder bepaal in wet 3 van 1907. ⁽²⁾ Wet 14 van 1859 het reeds werkmense verplig om mediese dienste aan hulle arbeiders te verskaf, maar bogenoemde wet word spesiaal aangevul deur wet 25 van 1907 wat die aanstelling van mediese amptenare betref. ⁽³⁾

(d) Teenkanting teen die Invoer van Indiërs, groei.

Die kommissie van 1885-1887 het reeds daarop gewys dat die meeste inwoners in Natal die Indiërs nie duld as mededingers op die gebied van landbou en handel nie, en het aanbeveel dat die Indiërs na hulle dienstyf moet terugkeer na Indië. ⁽⁴⁾

Die teenkanting wat reeds so merkbaar was by die publiek, het ook gaandeweg op die regering invloed uitgeoefen. In 1891 is reeds voorgestel dat die £10,000 wat die regering jaarliks gee vir immigrasie, afgeskaf moes word. Toe hy oor hierdie voorstel gepraat het, het mnr. Escombe o.a. gesê dat die aantal Indiër-immigrante in 1876 - 10,336 was en dat dit gegroei het tot 30,355

(1) Natal Laws 1891; 114-115.

(2) Colony of Natal: Acts of the Parliament, 1907; 2,4.

(3) t.a.p.; 46.

(4) Union of SOUTH-AFRICA: Report of the Asiatic Inquiry Commission 1921; 41.

30,355 in 1889 en dat dit noodsaaklik geword het om te begin planne maak.⁽¹⁾ Die jaarlikse toelae van die regering is egter nie afgeneem voor 1894 nie, toe wet 37 van 1894 daarvoor voorsiening gemaak het. Na 1894 moes die planters alleen die koste dra vir die invoer van Indiër-werkers.⁽²⁾

Daar moet egter in aanmerking geneem word dat die regeringsvorm van Natal voor 1893 die algemene publiek nie geleentheid gegee het om aan hulle sienswyse uit-
ing te gee nie. In 1893 het Natal van 'n Kroonkolonie oorgegaan na Verantwoordelike regering en selfs toe het die samestelling van die wegewende vergadering nie bevredigend geblyk nie en groot dele van die publiek het gekla dat hulle nie die volle voorreg geniet om hulle deel by te dra by die vorming van die politiek van die Kolonie nie.⁽³⁾

Die groeiende teenkanting teen die Indiërs was ook duidelik merkbaar in die verkiesing van 1893 en uiteindelik was die hele Natal teen die invoer van Indiërwerkkragte, tensy dit op voorwaarde geskied dat hulle terugkeer na Indië na die voltooiing van hulle kontraktyd. Met hierdie doel voor oë is in Desember 1893 'n deputasie na Indië gestuur om te onderhandel met die Indiese regering. Die deputasie het bestaan uit Mnr. Henry Binns L.V. en Mnr. Mason die Beskermheer van Indiër-immigrante.⁽⁴⁾

(e) Die Binns-Mason deputasie poog om kontrak-voorwaardes gewysig te kry.....

Die hoofdoel van die deputasie was om die

-
- (1) Union of South Africa: Report of the Asiatic Inquiry 1921; 40.
 - (2) Kannemeyer: A Critical Survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 43-44.
 - (3) Union of South Africa: Report of the Asiatic Inquiry Commission, 1921; 40.
 - (4) Union of South Africa: Report of the Indian Inquiry Commission, 1914; 23.

toestemming van die regering van Indië te verkry vir die verandering van die voorwaardes van die kontrak, sodat die arbeider na die voltooiing van sy diensperiode terug sou keer na Indië. Die saak is breedvoerig bespreek met verteenwoordigers van die Indiese regering en die voorstelle van die afgevaardigdes is skriftelik ingehandig. Geen skriftelike antwoord is aan die afgevaardigdes gegee nie, maar hulle is mondeling meegedeel dat geen beswaar gemaak sou word as daar 'n voorwaarde in die kontrak ingesluit word waardeur Indiërs verplig word om terug te keer na Indië aan die einde van hulle dienstermyn, „provided that failure to fulfil this condition shall not constitute a criminal offence.” Die afgevaardigdes het toe 'n verblyfbelasting aanbeveel in die geval van arbeiders wat na hulle kontraktyd nie volgens voorwaarde teruggaan nie. Hulle verslag is in 1894 ingedien. ⁽¹⁾

5. POGINGS OM DIE INDIËR-PROBLEEM DIE HOOF TE BIED
LEI TOT DIE BEËINDIGING VAN DIE INVOER VAN KON-
TRAKARBEIDERS IN 1911.

(a) Immigrasie soos gereel deur die „Indian
Immigration Amendment Act” (17 van 1895)

Hierdie wet van 1895 was die resultaat van die aanbevelings van die Binns-Mason deputasie. Dit het wet 25 van 1891 in belangrike opsigte aangevul. Artikel (2) het gemeld dat na die wet van krag word kontrakte wat deur Indië-immigrante geteken moes word 'n bepaling sou bevat waarin die kontraktant sou toestem dat hy na die beëindiging van die kontrak sou terugkeer na Indië of vir verdere periodes onder kontrak ^{sou} in Natal aanbly. Die voorwaarde was egter dat elke nuwe kontraktermyn 2 jaar sou wees en dat die salaris vir die jare kontrakdiens na die waarvoor in hierdie kontrak voorsiening gemaak word, sou wees

(1) Union of South Africa: Report of the Indian Enquiry Commission 1914; 23.

16/- per maand vir die eerste jaar, 17/- per maand vir die tweede jaar, 18/- per maand vir die derde jaar, 19/- per maand vir die vierde jaar en 20/- per maand vir die vyfde en die daarop volgende jare.⁽¹⁾

Verder was bepaal dat elke kontrak-Indiër wat bogenoemde bepaling aanvaar het en wat versuim of weier om na Indië terug te keer of om weer op kontrakdiens te gaan, verplig is om 'n jaarlikse pas of lisensie uit te neem om in die Kolonie te mag bly. Hierdie lisensie sou deur plaaslike magistrate uitgereik word en sou £3 kos.⁽²⁾

Hierdie wet wat goedgekeur is deur die regering van Indië (soos trouens die geval met alle wetgewings in verband met Indiërs in Suid-Afrika, was), het in Augustus 1896 in werking getree, maar dit was eers vyf jaar later wat dit werklik van toepassing was, naamlik, toe die eerste groep werkers onder hierdie wet hulle eerste kontraktyd voltooi het.⁽³⁾ Dit was egter eers later wat hierdie wet enigsins aan sy doel beantwoord het, want in die jare 1901 tot 1903 is dit nie streng toegepas nie. In 1908 byvoorbeeld het 3989 uit 'n totaal van 7735 wat hulle kontraktyd voltooi het, teruggekeer na Indië en 3304 het 'n nuwe kontrak aangegaan.⁽⁴⁾

(b) Beperkings opgelê deur die „Licencing and Immigration Restriction Laws” 1897, en ander verdere wette.

Die gevoel teen die invoer van Indiërs in Natal het in 1896-1897 sy toppunt bereik toe die inwoners van Durban die landing van verskeie honderde vry-Indiërs met mag belet het.

-
- (1) Colony of Natal: Votes and Proceedings of the Legislative Council 1895; Art. 2.
 - (2) t.a.p.; Artikel 6.
 - (3) Union of S.A.: Report of the Indian Enquiry Commission, 1914; 25.
 - (4) Natal: Report of the Indian Immigration Commission, 1909; 3.

Hulle wou nie ingee voordat die regering nie belowe het om bogenoemde wette te passer^e nie.

Toe hy hierdie wette ingedien het, het die destydse Eerste Minister, mnr. Escombe gesê dat tensy die invoer van immigrante uit Indië stopgesit word, „the whole of the social polity of this country would be disturbed." Verder het hy verwys na die karakter van hierdie mense wat gewoonlik dek-passasiers was, wie se pas^sasie maar £2 gekos het en hy het beweer dat dit maklik was vir die bevolking van Natal „to be, as it were, submerged, by the arrivals, entailing a competition which was simply impossible as far as Europeans were concerned, whether in trade or agriculture." (1)

In hierdie verband haal Kannemeyer 'n telegram aan wat op 15/10/96 aan Sir J. Robinson gestuur is, (hy was destyds in Engeland):-

„500 free Indians arrived last week. Inrush must be stopped or all lower branches of trade and farming will pass into Indian hands. Explain to Mr. Chamberlain we must follow New South Wales." (2)

Vir die eerste keer is in 1903 deur wetgewing bepaal dat immigrante 'n opvoedkundige toets moes aflê. Hierdie toets is deur medium van 'n Europese taal afgeneem en was van toepassing op Asiatiese en ander immigrante. Kontrakarbeiders is egter uitgelaat. Dit was die eerste keer dat die instroming van vry-Indiërs aan bande gelê is. Tenspyte van hierdie immigrasiewette blyk dit tog dat die aantal vry-Indiërs wat toegang verkry het, stadig vermeerder het. (3)

-
- (1) Union of South Africa: Report of the Asiatic Inquiry Commission, 1921; 40.
 - (2) Kannemeyer: A Critical Survey of Indian Education in Natal 1860-1937; 158.
 - (3) Union of S.A.: Official Year Book 1910-1916 No. 1; 189.

Die wet van 1903 dwing kinders van Indiër-immigrante wat onder die voorwaardes van artikel (2) van wet 17 van 1895 val en wat 16 jaar was in die geval van seuns en 13 jaar in die geval van meisies, om

- (a) na Indië te gaan,
- (b) in Natal onder kontrak te bly, of
- (c) jaarliks volgens die terme van artikel (6) van wet 17 van 1895, 'n pas of lisensie uit te neem om in die kolonie te mag bly.

Omdat die inasameling van hierdie belasting baie moeilikhede veroorsaak het, is in 1905 bepaal dat niemand 'n Indiër mag huur wat in besit van 'n lisensie behoort te wees nie. Ook mag 'n werkgemeer nie so 'n arbeider hou as hy nie elke jaar voor die 15de Julie sy lisensie hernieu nie. (1)

Wet 42 van 1905 het bepaal dat enige Indiër-immigrant wat vroër kontrakwerk volgens wet gedoen het, vir 'n verdere periode op kontrak kon gaan, nieteenstaande die feit dat daar 'n sekere tyd verloop het na die beëindiging van die vorige kontraktermyn. Die nuwe kontrak kon egter nie vir minder as 2 jaar of meer as 5 jaar wees nie en mag van tyd tot tyd hernieu word. (2)

Verdere tegemoetkomings in verband met die £3 verblyfbelasting is in 1910 aangekondig te^{de} bepaal is dat:-

- (a) die plaaslike magistraat volgens sy eie diskresie 'n Indiërvrou kon vrystel van die betaling van die belasting as gevolg van slegte gesondheid, ouderdom of enige ander oorsaak;
- (b) die betaling van agterstallige lisensie-gelde sou gesuspendeer word in die geval van die herdieuing van 'n dienskontrak vir nie minder as 2 jaar nie, en as sodanige

(1) Union of South Africa: Report of the Indian Enquiry Commission 1914; 26.

(2) Colony of Natal: Acts of the Parliament, 1905; 85.

werker aan die einde van die dienstyd terugkeer na Indië, sou die betaling van agterstallige gelde kwyteskeld word. (1)

Al hierdie toegewings en tegemoetkomings het tog nie die gewenste uitwerking gehad nie. 'n Onderzoek van die aantal Indiërs wat na Indië teruggekeer het nadat wet 17 van 1895 van krag geword het sal toon in hoeverre hy sy doel bereik het:

Tabel 3.

Die resultate van wet 17 van 1895.

Jaar	Persentasie van die wat kontraktyd beëindig het en teruggekeer het na Indië.	Persentasie wat nuwe kontrak aangegaan het.
1902	10%	19%
1904	-	8%
1906	18%	47%
1908	34%	-
1910	-	70%
1911	14%	-
1912	7%	95%
1913	-	81%

(2)
(11)

Hierdie tabel toon dat die wet die naaste aan die verwesenliking van sy doel gekom het in 1908 toe 34% teruggekeer het. Daarna is daar 'n baie vinnige daling. Die hoe persentasies vir die wat hulle kontrak hernieu het, moet verklaar word uit die feit dat toe die invoer van kontrakarbeiders stopgesit is, die werkgemeenskaps heelwat beter salarisse aangebied het.

(c) Die Indiër-toestand soos weerspieël deur die departementele verslag van 1897...

Die departementele verslag van 1897 gee belangrike beson-

-
- (1) Union of South Africa: Report of the Indian Enquiry Commission, 1914; 26.
(2) t.a.p.; 28-29.

derhede in verband met die Indiërbevolking. Die volgende tabel toon elke 5de jaar se syfers vir die bevolking, geboortes en sterfgevalle, vanaf 1876 tot 1897:

Tabel 4.

Bevolking, geboortes, sterfgevalle, 1876 tot 1897.

Jaar	Bevolking	Geboortes	Sterfgevalle
1876	10,626	276	153
1881	22,990	513	384
1886	29,584	714	392
1891	25,736	401	269
1896	49,634	1,399	718
1897	54,561	1,170	806

(1)

Hierdie tabel toon 'n vermeerdering van oor die 400% vanaf 1876 tot 1897.

Die volgende tabel verdeel die bevolking van 54,561 in 1897 in twee groepe, nl. diegenes wat van Indië gekom het en diegenes wat in Natal gebore is.

Tabel 5.

Analise van die Indiërbevolking, 1897.

(a) Almal wat van Indië gekom het, 1860-1897.

	Mans	Vrouens	Seuns	Dogters	Totaal.
	42,978	17,117	5,341	4,609	70,045
Aantal dood in Natal	4,771	2,004	390	401	-
Aantal terug na Indië	6,144	2,296	400	389	-
Aantal wat die Kolonie op 'n ander wyse verlaat het.	6,850	953	91	40	-
	17,765	5,253	881	830	24,729

=

45,316

(1) Colony of Natal: Departmental Reports, 1897; A6.

(b) Die wat in Natal gebore is.

	Manlik.	Vroulik	Totaal.
	8,433	8,244	16,677
Aantal dood in Natal	1,786	1,653	-
Aantal terug na Indië	1,338	1,339	-
Aantal wat Natal op 'n ander wyse verlaat het.	873	503	-
	3,997	3,495	7,492
			<u>9,185</u>

Groot totaal = 54,501.

Al die kinders was saamgestel soos volg:- Vry-
14,987; op kontrak = 2,437; totaal = 17,424. (1)

Hierdie tabel toon dat uit 42,987 mans wat van Indië gekom het, 4,771 in Natal dood is, 6,144 terug gegaan het na Indië en 6,850 die Kolonie op 'n ander wyse verlaat het. Die totaal wat van Indië gekom het was 70,045 en 24,669 het op die een of ander wyse Natal weer verlaat. Dit laat 'n res van 45,376. Die res in die geval van diegenes wat in Natal gebore is, is 9,185. Dié gee 'n groot totaal van 54,501.

Opmerklik is onder (a) en (b) hierbo die aantal Indiërs wat die Kolonie „op 'n ander wyse verlaat het.” Die oorgrote meerderheid van die 9,310 Indiërs (volwassenes en kinders) wat tot 1897 op hierdie wyse Natal verlaat het, het na Transvaal gegaan; want bogenoemde verslag maak melding van 835 vry-mans, wat net in 1897 lisensies ontvang het om die Kolonie te verlaat en merk daarby op dat die meerderheid van hierdie mans na Johannesburg gegaan het, waar hulle maklik werk kon kry of vir hulleself kon werk as tuiniers, vrugte en groente smouse of in huishoudelike diens kon tree. (2)

(1) Colony of Natal: Departmental Reports, 1897; A8.
(2) t.a.p.; A9.

Die volgende tabel gee die aantal vry- en kontrak-Indiërs (mans, vrouens en kinders) in 1895 en 1910:-

Tabel 6.

Vry en kontrak-Indiërs, 1895 en 1910.

Jaar	Totale aantal vry-Indiërs	Totale aantal Kontrak-Indiërs	Groot totaal.
1895	30,363	16,040	46,343
1910	65,917	42,777	108,694

(1)

Uit hierdie tabel blyk dit dat die vry-Indiërs in hierdie 15 jaar met 117.5% vermeerder het en die aantal gekontrakteerde Indiërs met 166.7%. Die vinnige groei in die aantal kontrakarbeiders moet toegeskryf word aan die uitbreiding van die suikerriet plantasies, landbou en spoorweë en die verbetering van besighede aan die einde van die vorige eeu. Die Indiërs het toe ook al reeds naam gemaak in die koolmyne. Tenspyte van hierdie vinnige groei kon nie altyd in die behoeftes voorsien word nie. So was daar aan die einde van 1902 nog aansoeke vir 17,500 arbeiders waarin nie voorsien kon word nie. (2)

Die volgende tabel toon die bedrae na Indië gestuur asook die bedrae gedeponeer in die Goewerment spaarbank vir die jare genoem:

-
- (1) Kannemeyer: A Critical Survey of Indian Education in Natal, 1860-1937; 154.
 (2) t.a.p.; 154-155.

Tabel 7.

Bedrae na Indië en in die Spaarbank, 1888-1910.

Jaar	Bedrag gestuur na Indië	Bedrag gedeponeer
1888	£244-19-1	£3428.-.-
1893	715.10.-	6994.1.6
1898	1565.-.-	17,671.7.8
1903	2149.-.-	48,085.4.4
1908	2363.-.-	41,760.5.5
1910	1189.10.8	56.144.14.5

(1)

Veral die bedrae in die spaarbank gedeponeer het baie toegeneem, maar by hierdie bedrae moet ook ander besparings van teruggekeerde Indiërs kom. Vanaf 1896 tot 1910 was hierdie besparings £280,082.15.0. Die totale besparings vanaf 1896 tot 1910 was £833,694.17.0.⁽²⁾

(d) Die deputasie van 1903 poog om verdere wysigings in die kontrak-voorwaardes te verkry...

Toe dit geblyk het dat wet 17 van 1895 nie sy doel verwesenlik het nie, is 'n tweede deputasie in 1903 na Indië gestuur om te onderhandel. Hierdie deputasie het voorgestel dat die kontraktydperk in die vervolg in Indië moes eindig en nie in Natal nie.

Die regering van Indië het met sekere voorbehoude toegestem, dat dit 'n voorwaarde van die kontrak sou wees dat na die voltooiing daarvan die immigrant of na Indië sou terugkeer of in Natal onder kontrak sou bly. Hierdie kontrak kon van tyd tot tyd hernieu word, maar op voorwaarde dat die kontraktermyn nie langer as 2 jaar sou wees nie. Indien sulks verlang word, moes die immigrant na 10 jaar kontrakdiens terugkeer na Indië op koste van die Trust Raad. As hy egter toegelaat sou word om vir 'n verdere periode op kontrak te gaan of om vir meer as drie maande sonder 'n kontrak in die Kolonie te bly, na die beëindiging

(1) Colony of Natal: Departmental Reports of 1897; A10-11.

(2) Kannemeyer: A Critical Survey of Indian Education in Natal, 1860-1837; 156-157.

van sy laaste kontraktydperk, „he shall be entitled to settle in the Colony free from all liability to any special tax or to further indenture."

Daar dit onmoontlik geblyk het om ooreen te kom is die onderhandelinge beëindig, sonder enige gevolg.⁽¹⁾

Een van die lede van hierdie deputasie was die voorsitter van die Raad. Hierdie heer het ook opdrag ontvang om alle pogings aan te wend om immigrasie na Natal te bevorder. Die Raad het ook sy sekretaris saamgestuur om te help.⁽²⁾

In sy verslag oor hierdie aspek van sy sending het die voorsitter die volgende redes genoem waarom nie genoeg arbeiders gewerf kon word nie;-

- (a) Daar was 'n baie goeie oes in Indië die vorige jaar.
- (b) Die ontwikkeling van die landbou, minerale en industriële bronne van Indië. - Fabriëke, meulens ens. het almal gekla dat hulle 'n tekort aan arbeiders het.
- (c) Minder belangrike redes;;-
 - (i) Die ongeletterde mans wat as werwers gebruik is en hulle stand.
 - (ii) Moeilikhede met lokale outoriteite.
 - (iii) Die afkeur van ryk grondbesitters en die pogings wat hulle aangewend het om werwing te belemmer.
 - (iv) Die ontmoedigende vertraging by distriks-registrasiekantore.

Hy het gereken dat hierdie probleme deur die agente self opgelos moes word sonder die inmenging van die Raad, en het die volgende aanbeveel om werwing te bevorder:-

-
- (1) Union of South Africa: Report of the Indian Enquiry Commission, 1914; 25.
 - (2) Natal: Twenty-first Annual Report of the Indian Immigration Trust Board; 2.

- (a) Dat werwing tot alle provinsies in Indië uitgebrei moes word.
- (b) Die aantal werwers moes vermeerder word.
- (c) Agente moes die reg kry om hulle toesighoudende personeel uit te brei.

Die aanstelling van 'n blanke reisende assistent by die Madras-agentskap is deur die voorsitter goedgekeur geen 'n salaris van £400 per jaar nie te bowegaande nie. ⁽¹⁾

(e) Die Leningswet van 1902 en die Trust Board."

Die Leningswet van 1902 het voorsiening gemaak vir 'n lening £250,000 nie te bowegaande nie, vir die volgende doeleindes:-

- (a) Om alle gelde wat die Raad van die regering geleen het terug te betaal met 4% rente.
- (b) Om die koste vir die invoer van Indiër-immigrante te dek.

Hierdie wet het ook voorsiening gemaak vir 'n delgingsfonds waarin die Raad halfjaarliks nie minder as 1% van sy kapitaal moes belê nie. ⁽²⁾

(f) Die einde van kontrak-arbeid.....

'n Poging is in 1908 deur die Natalse Wetgewende Raad aangewend om die handelskonkurrensie op te los. Twee drastiese maatreëls is op 27 Augustus 1908 aangeneem. Die een was bedoel om die uitreiking van nuwe lisensies aan Asië te stop en die ander een het onder andere bepaal dat na die 31ste. dag van Desember 1918 (d.i. 10 jaar na dat die wet aangeneem is) geen lisensie uitgereik sou word of oorgedra sou word aan of besit mag word deur of vir 'n Asiat nie. 'n Asiat wat op 31 Desember 1918 'n lisensie besit en wat deur die wet verhoed sou word om dit te

(1) Natal: Twenty-first Annual Report of the Indian Immigration Trust Board; 3-4.
 (2) Natal: Twentieth Annual Report of the Indian Immigration Trust Board; 2.

hernieu, sou geregtig wees op vergoeding uit die staatskas vir die verlies wat hy daardeur gely het, soos deur hierdie wet bepaal.

Die Imperiale regering het egter geweier om hierdie wette goed te keur.⁽¹⁾

In dieselfde jaar het die regering 'n wet ingedien wat voorsiening gemaak het vir die beëindiging van Indiër-immigrasie na verloop van 3 jaar. Voordat die tweede lesing aangeneem is, het die regering onderneem om 'n kommissie aan te stel om die hele saak te ondersoek.⁽²⁾

In 1908 het ook die regering van Indië besluit om verdere immigrasie van kontrakarbeiders na Natal stop te sit. As rede vir hierdie besluit is aangegee dat hulle ontevrede was met die wyse waarop die Indiërs behandel is deur die outoriteite in Natal onder die lisensie-wette en „the continued failure to secure the necessary amendment of those laws.”

Na ernstige versoeke van die Natalse regering het die Staatsekretaris vir Indië namens die Indiese regering die verdere emigrasie van kontrakarbeiders vir nog een jaar toegelaat, op voorwaarde dat 'n wet gemaak sou word wat Indiërs die reg gee om te appéleer na die Hooggeregshof in gevalle waar hernieuwing van handelslisensies geweier word. Wet 22 van 1909 het hiervoor voorsiening gemaak en toe is die emigrasie van kontrakarbeiders toegelaat tot 1 Julie 1911, tot dit finaal opgehou het.⁽³⁾

(g) Die toestand soos weerspieël deur die verslag van die kommissie van 1909.....

Hierdie kommissie was aangestel tydens die behandeling van die wetsontwerp wat bedoel was om die immigrasie van Indiërs stop te sit.(1908) Die opdrag wat hulle ontvang het, het al die

(1) Union of S.A.: Report of the Asiatic Inquiry Commission; 1921; 45.

(2) Natal: Report of the Indian Immigration Commission, 1909; 2.

(3) U of S.A.: Report of the Asiatic Inquiry Commission, 1921; 40

aspekte van die Indiër-probleem ingesluit.

Hulle het eers die besware wat gewoonlik geopper word teen Indiër-immigrasie behandel, daarop gewys dat die voorwaardes waaronder hulle hier werk nie aan slawerny grens nie want baie hernieu hulle dienskontrak en andere emigreer weer later na Natal. Ook het die kommissie ontken dat die Indiërs 'n demoraliserende invloed op die nasionale lewe het en vervolg: „while they cannot be said to be of a high character, they are industrious, frugal, law-abiding and on the whole, sober in their habits.”

Ander besware wat geopper is, is dat die Indiese inboorlinge die blanke arbeid vervang en sodoende 'n onwenslike kompetisie meebring. Hulle teenwoordigheid is die oorsaak van die ongekende hoë pryse vir grond. Die regering is ook onder geen verpligting om private werkgemers van arbeid te voorsien nie, en as dit goed ge-organiseer word is daar voldoende natuurlike arbeid in Natal en, indien nodig, in Brits- Suid- en Sentraal Afrika. Die nodige arbeiders kan ook onder die vry-Indiërbevolking gewerf word. (1)

Nadat die kommissie aangetoon het dat natuurlike arbeid onverkrygbaar, ongeskik en onvertroubaar was, het hulle daarop gewys dat 2429 werkgemers van Indiër-kontrakarbeiders gebruik gemaak het. Hierdie arbeiders was soos volg versprei:-

Suikerplantasies	7006	Korporasies	1062
Algemene boerdery	6149	Steenmakery	740
Koolmyne	3239	Wattle-plantasies	606
Natalse spoorweë	2371	Skeepsagente	422
Huisbediendes	1949	Gemeng	313
Tee-plantasies	1722		

Totaal 25,579

— (2).

- (1) Natal: Report of the Indian Immigration Commission, 1909; 3.
 (2) t.a.p.; 4.

Die kommissie het dan ook nie sy weg oopgesien om aan te beveel dat Indiër-kontrakarbeid afgeskaf sou word nie, en hulle het verduidelik dat beslissende getuienis voor hulle gelê is wat bewys het dat baie industrieë hulle ontstaan en toestand te danke gehad het aan die kontrakarbeiders. As hierdie arbeid afgeskaf sou word, sou die industrieë agteruitgaan en in sommige gevalle heeltemal laat vaar moes word. (1)

Die kommissie was egter bewus dat die Indiërs in Natal alleen as arbeiders gedui is en beveel dan ook aan dat onmiddellike stappe gedoen moes word deur die Natalse regering om 'n ooreenkoms te verkry met die Indiese regering waardeur eerste of latere kontrakte van Indiërs "shall in future terminate in India or upon the high seas" en dat mans met hulle families teruggestuur moes word sonder die opsie om in die Kolonie te mag bly. (2)

Aan die ander kant was die kommissie optimisties en het gereken dat die Indiër-probleem homself sou oplos omdat daar in 1908 so baie teruggegaan het na Indië en 'n groot aantal hulle dienskontrak hernieu het. (3)

Die feit bly dat 1908 maar net 'n hoogtepunt was. Daarna het die getalle wat Natal verlaat het al minder geword. Die probleem het homself dus nie opgelos nie.

By 'n ontleding van die Indiërbevolking in Natal het die kommissie die volgende groepe onderskei:

(1) Vry-Indiërs.

Hierdie Indiërs het vroeër kontrakwerk gedoen, maar het sedertdien vry geword. Hierdie Indiërs was nie meer 'n bron van arbeid nie.

(1) Union of S.A.: Report of the Indian Enquiry Commission, 1914; 30.

(2) Natal: Report of the Indian Immigration Commission 1909; 6.

(3) t.a.p.; 5.

(ii) Indiërs wat in Natal gebore is.

Hulle het ook nie graag gewerk nie, veral nie kontrakwerk nie.

(iii) Indiërs wat op hul eie na Suid-Afrika gekom het.

Sommige van hulle was ambagsmanne wat tot 'n sekere mate met blankes kompeteer het. Die res was handelaars. Van tyd tot tyd het hierdie groep hulle vrouens en kinders onder 16 jaar na Suid-Afrika laat kom.⁽¹⁾

Ten slotte het die kommissie aanbeveel dat die £3 lisensiegeld wat deur die wet van 1895 opgelê is, nie meer in seëls betaal moes word nie, maar kontant en wel aan die Trust Raad. Ook moes alle kontrakarbeiders na die voltooiing van hulle kontraktyd teruggaan na die Beskermheer of sy plaasvervanger, en nie deur die werkgemeë, soos gewoonlik, ontslaan word nie.⁽²⁾

6. DIE INDIËR-GEMEENSKAP IN NATAL, 1911: 'n ANALISE.(a) Statistieke.

Die Asiatiese bevolking van Natal, waarvan ongeveer 98% Indiërs was, was in 1911 soos volg: (Vir vergelykingsdoeleindes word die syfers vir 1904 ook gegee)

	1904	1911
Manlik	63,497	80,490
Vroulik	37,421	52,949
TOTAAL	100,918	133,439

(3)

Dit toon dus 'n vermeerdering van ongeveer 33,000 (d.i. 33%).

-
- (1) Natal: Report of the Indian Immigration Commission, 1909; 6.
 (2) t.a.p.; 7.
 (3) Union of South Africa: Official Year Book 1910-1916, No. 1; 186.

In die volgende tabel word die aantal Indiërs in Natal in 1911 volgens geboorteplekke ingedeel.

Tabel 8.

Geboorteplekke van Natalse Indiërs, 1911.

Unie van Suid-Afrika	59,277
Madras	39,295
Bengale	15,468
Bombaai	4,588
Vereenigde Provinsies van Agra en Oudh	225
Poenjab	95
Sentrale Provinsies en Berar	26
Assam	20
Birma	12
Ander Provinsies en Nie-gespesifiseer	13,592
Ander lande	433 (1)

In die volgende tabel word die Indiërs in 1911 in Natal ingedeel volgens godsdienst, beroep en ouderdom.

Tabel 9.

Godsdienst, beroep en ouderdom van Indiërs in Natal, 1911.

(a) <u>Godsdienst.</u>			
Hindoes	Mohammedane	Parsees	Ander
108,877	12,938	319	10,897

(b) <u>Beroep.</u>	Landbou	35,677
	Huishoudelik	27,810
	Industrieel	18,053
	Kommersieel	4,961
	Professioneel	627
	Onbepaal	1,066
	Afhanklikes	44,050
	Nie-gespesifiseer	788

(1) Union of South Africa: Official Year Book 1910-1916, No. 1; 187.

(c) Ouderdom.

Onder 20 jaar	20 tot 39 jr.	40 tot 59 jr.	60 jr. en oor.
57,534	56,332	16,118	3,023 (1)

(b) Algemene opmerkings.

'n Onderzoek van bogenoemde tabelle toon dat uit 'n totaal van 133,131 Indiërs, 59,277 in Natal gebore is (d.i. 44.6%). Opmerklik is ook die groot aantal wat onder 20 jaar is nl. 57,534 (d.i. 43.2%). Volgens hulle geboorteplekke blyk dit dat die meeste Indiërs van Madras, Bengale en Bombaai gekom het. Onderskeidelik is die syfers vir hierdie provinsies soos volg: Madras = 39,295, Bengale = 15,468 en Bombaai = 4,588. Ongeveer 75% was Hindoes (108,877) en 9.7% (12,938) was Mohammedane. Die beroepe wat die meeste gevolg het was landbou (35,677), huishoudelike werk (27,810) en industriële werk (18,053). Die aantal vry-Indiërs was 65,957 (d.i. 42%).

Die laaste groep kontrakarbeiders wat in 1911 aangekom het, het eers teen 1916 hulle kontraktyd beëindig.

Bostaande syfers toon dat daar reeds in 1911 'n groot deel van die Indiërs na Natal gekom het om daar te bly, veral as die kinders wat daar gebore is, bygereken word.

7. Samevatting.

By gebrek aan geskikte en voldoende arbeiders vir die industrie het die regering van Natal in 1860 daartoe oorgegaan om Indiërwerkers in te voer. Die doel was om so lank moontlik voordeel te trek uit hierdie goedkoop en vertrouwbare arbeid en daarom is bepaal dat arbeiders altyd weer hulle kontrakte kon hernieu.

(1) Union of South Africa: Official Year Book 1910-1916, No. 1;187.

Selfs dat hulle kroongrond kon kry as hulle nie bereid was om terug te gaan nie.

In die laaste kwart van die vorige eeu, toe die aantal wat oorspronklik kontrakwerk gedoen het en later vry geword het, begin toeneem het en toe hierdie vry-Indiërbevolking vinnig aangevul is deur vry-Indiërs, veral Mohammedaanse handelaars, wat die land ingestroom het, het die vyandigheid teen die Indiërs sy verskyning gemaak en vinnig gegroei, omdat hulle besigheid 'n sterk konkurrensie veroorsaak het.

Ernstige pogings is toe, sonder sukses egter, aangewend om te verhoed at die kontrakarbeiders in Natal sou bly na die voltooiing van hulle dienstyf. Selfs 'n jaarlikse verblyfbelasting van £3 kon dit nie verhoed nie en die gewenste samewerking kon in hierdie verband nie van die regering van Indië verkry word nie. Alhoewel Natal nie maklik van hierdie ingevoerde arbeiders kon afsien nie, was die regering tog uiteindelik genoodsaak om te dink aan die beëindiging van hierdie soort immigrasie. Die finale besluit in hierdie rigting het egter van die regering van Indië gekom en toe is die invoer van kontrakarbeiders uiteindelik in 1911 stopgesit.

Om die instroming van vry-Indiërs teen te werk is immigrasiewette gepasseer wat later 'n opvoedkundige toets deur medium van 'n Europese taalverplichtend gemaak het, maar selfs dit kon die vloed nie volkome stuit nie. Drastiese wette is later in verband met handel en handelslisensies gepasseer, maar die Imperiale regering wou hulle nie goedkeur nie.

Natal het die voordeel van die Indiërarbeid gehad en toe hulle later die nadelige gevolge van hierdie beleid beseif het en ontdek het dat daar reeds 'n Indiërprobleem bestaan, het hulle nie die selfbeskikkingsreg gehad om hierdie probleem na die beste van hulle oortuiging aan te pak nie. Daar was toe reeds 133,439 Indiërs in Natal.